**DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE EN ONTWIKKELINGSBEPLANNING**
***NATIONAL ENVIRONMENTAL MANAGEMENT: PROTECTED AREAS ACT, 2003***
**(WET 57 VAN 2003)**
**KENNISGEWING VAN VOORNEME OM BLOUTORING NATUURRESERVAAT TE VERKLAAR**

Die Provinsiale Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning in die Wes-Kaap (die Provinsiale Minister)—

*(a)* gee ingevolge artikel 33(1)(*a*) van die *National Environmental Management: Protected Areas Act, 2003* (Wet 57 van 2003) (die Wet), kennis van sy voorneme om—

(i) kragtens artikel 23(1)*(a)*(i) van die Wet, die volgende gebiede as 'n natuurreservaat (die beoogde natuurreservaat) te verklaar:

*(aa)* Die Plaas Geen Bedrog Nr. 18, geleë in die Langeberg-munisipaiteit, Afdeling Montagu, Provinsie Wes-Kaap; groot: 1738, 8728 (Eenduisend Sewehonderd Agt-en-Dertig komma Agt Sewe Twee Agt) hektaar; gehou kragtens Transportakte Nr. T1922/1987;

*(bb)* Die Plaas Elands Hoek Nr. 163, geleë in die Kaapse Wynland-distriksmunisipaliteit, Afdeling Worcester, Provinsie Wes-Kaap; groot: 798, 0566 (Sewehonderd Agt-en-Neëntig komma Nul Vyf Ses Ses) hektaar; gehou kragtens Transportakte Nr. T1922/1987;

*(cc)* Gedeelte 2 van die Plaas Lettas Kraal Nr. 162, geleë in die Kaapse Wynland-distriksmunisipaliteit, Afdeling Worcester, Provinsie Wes-Kaap; groot: 2068, 2900 (Tweeduisend Agt-en-Sestig komma Twee Nege Nul Nul) hektaar; gehou kragtens Transportakte Nr. T1922/1987; en

*(dd)* Gedeelte 1 (Bloutoring Siding) van die Plaas Lettas Kraal Nr. 162, geleë in die Kaapse Wynland-distriksmunisipaliteit, Afdeling Worcester, Provinsie Wes-Kaap; groot: 5, 6802 (Vyf komma Ses Agt Nul Twee) hektaar; gehou kragtens Transportakte Nr. T63494/1988,

waarvan die grense weergegee word op die kaart in die Bylae; en

(ii) kragtens artikel 23(1)*(b)* van die Wet, die naam "Bloutoring Natuurreservaat" aan die beoogde natuurreservaat toe te ken;

*(b)* gee kennis dat die beoogde natuurreservaat ongeveer 30 km suid-wes van Touwsrivier, die naaste dorp, en 40 km noord van Montagu geleë is, soos aangedui op die kaart in die Bylae;

*(c)* gee kennis dat CapeNature die beoogde natuurreservaat geëvalueer het, en dit blyk uit hierdie evaluering dat die beoogde natuurreservaat oor ’n aantal eienskappe beskik wat dit geskik maak vir verklaring as ’n natuurreservaat;

*(d)* gee kennis dat die beoogde optrede bedoel in paragraaf *(a)*(i) die vereistes van artikel 23(2)*(b)*(i) van die Wet nakom, aangesien dit daarop gemik is om die beoogde natuurreservaat te beskerm, wat kenmerkende natuurlike eienskappe of biodiversiteit bevat;

*(e)* gee kennis dat die inhoud van die Bylae en besonderhede van die evaluering bedoel in paragraaf *(c)* by https://www.capenature.co.za/protected-areas-and-stewardship gevind kan word;

*(f)* gee kennis dat die Provinsiale Minister nie, op hierdie stadium, bewus is van enige potensiële regte of belange van die plaaslike gemeenskap, of belanghebbendes uitgesonderd die eienaar van die beoogde natuurreservaat, wat deur die beoogde optrede bedoel in paragraaf *(a)* geraak kan word nie;

*(g)* nooi lede van die publiek uit om, binne 60 dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, skriftelike vertoë oor of besware teen die beoogde optrede bedoel in paragraaf *(a)* by die Provinsiale Minister in te dien, deur—

(i) die vertoë of besware te pos aan:

Dr Ashley Desmond Naidoo
Die Hoof- Uitvoerende Beampte
Aandag: Me Kaylin Reid
CapeNature
Privaat Sak X29
Gatesville 7766;

(ii) die vertoë of besware af te lewer by:

Me Kaylin Reid
Regsadviseur
CapeNature
Hv Bosduif- en Volstruisstraat
Bridgetown
Athlone; of

(iii) die vertoë of besware per e-pos te stuur na:


kreid@capenature.co.za; en

*(h)* nooi belanghebbende of geaffekteerde persone uit om, in toepaslike omstandighede, binne die tydperk beoog in paragraaf *(g)*, mondelinge vertoë of besware voor te lê aan die Provinsiale Minister of ’n persoon deur die Provinsiale Minister aangewys.

Skriftelike vertoë of besware wat ontvang word, of mondelinge vertoë of besware wat voorgelê word, ná die sluitingsdatum kan buite rekening gelaat word.

Navrae kan gerig word aan me Kaylin Reid by 087 087 4102.

**BYLAE**
**KAART**


CapeNature
Intended Bloutoring Nature Reserve
Anysberg Nature Reserve
Legend
Proclamation area
Surrounding farms
CapeNature reserve boundary
32°58'51.1"S 17°54'01.2"E
0 1.25 2.5 5 7.5 Kilometers
Overview Map of the Western Cape
West Coast
Cape Winelands
City of Cape Town
Overberg
Central Karoo
Garden Route
TOUWSRIVIER
Breede Valley
Laingsburg
Kannaland
Langeberg
Swellendam
MONTAGU
Towns
Proclamation area
Local municipality